# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/11)*

*Justin Chadwick (26 Augustus 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Being powerful is like being a lady; if you have to tell people you are, you aren't" Margaret Thatcher***

## CITRUS GROWERS' ASSOCIATION AJV

Die CGA se AJV word by die **Beach Hotel, Summerstrand, Port Elizabeth op Dinsdag, 30 Augustus 2011 om 18:00** gehou**.** 'n Agenda is aan alle produsente gestuur en is ook op die CGA se webtuiste (www.cga.co.za) beskikbaar. Neem asseblief kennis dat die AJVs van River Bioscience, Citrus Research Trust, CRI en Citrus Academy by dieselfde plek, saam met die CGA AJV gehou word. Alle produsente is welkom om hierdie AJVs by te woon.

## WERKSWINKEL– GEHALTE

Almal in die bedryf wat 'n belang in Satsumas, suurlemoene en nawels het, word versoek om 'n werkswinkel by te woon. Dit word op **7 September om 10:00 by Olive Grove, LNR, Stellenbosch gehou word.** Die agenda is op www.cga.co.za beskikbaar. Die doel van die werkswinkel is om ALLE gehalte-kwessies wat 'n impak op hierdie sitrussektore het, te ondersoek – insluitende klimaatsfaktore, kultivars en onderstokke, pakhuis en na-oes praktyke en vervoer en opberging. Wanneer hierdie faktore ontrafel is, gaan die werkswinkel identifiseer wat binne ons vermoëns is om te beheer, wat is die beste praktyke vir hierdie aspekte wat ons kan beheer en kommunikasie betreffende hulp met die implementering van hierdie praktyke.

## KENNISGEWING EN UITNODIGING OM DIE JAARLIKSE SITRUS KOöRDINERINGSVERGADERING VIR UITVOER VAN SITRUSVRUGTE NA SPESIALE MARKTE GEDURENDE DIE 2011/2012 UITVOERSEISOEN BY TE WOON

**DATUM: 08 SEPTEMBER 2011, PLEK: OLIVE GROVE AUDITORIUM (LNR-INFRUITEC), STELLENBOSCH**
**TYD: 08:30 VM**

Verbouers van sitrusvrugte, uitvoerders, relevante belanghebbendes en rolspelers in die uitvoer van sitrusvrugte na verskillende markte insluitend China, EU, Iran, Japan, Suid-Korea, VSA word uitgenooi om deel te neem aan die Department van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) se Jaarlikse Sitruskoördineringsvergadering. Alle reëlings en vereistes vir die 2011/2012 uitvoerseisoen sal bespreek en gefinaliseer word soos gebaseer op die Suid-Afrikaanse Sitrusvrugte Uitvoerprogramme. Neem asseblief kennis dat suksesvolle vrugte-uitvoere berus op nakoming van vereistes van invoerlande en nakoming begin in die boorde. Sien asseblief die relevante uitvoer-protokolle by die skakel: **http://www.daff.gov.za** *Divisions *Plant Health *Exporting from SA *Special Export Protocols/Programmes/Directives

Verteenwoordigers van DAFF (Direktoraat: Plantgesondheid, Inspeksiedienste en Voedselveiligheid en Gehalteversekering) en die Suid-Afrikaanse Sitrusbedryf sowel as sleutel rolspelers sal die afgelope seisoen se probleme oplos met die doel om uitvoerprosedures verder te vergemaklik en om vir die volgende seisoen te beplan. Nuwe ontwikkelings sal ook bespreek word. Verdere inligting kan vanaf Me Rejoice Muavhi Tel. +27 12 319 6538, RejoiceM@daff.gov.za, OF Me Juliet Maja, Tel. +27 12 319 6178, JulietM@daff.gov.za. OF Mnr. Patrick Magadani Tel. +27 12 319 6235,: PatrickMag@daff.gov.za , Fax: +12 319 6580 OR 6101 bekom word.

## ETHIESE HANDEL

Die media-vrystelling van die Human Rights Watch (HRW) se verslag oor arbeistoestande op vrugte- en wynplase in die Wes-Kaap hierdie week is 'n groot teleurstelling. Afgemaak as onregverdig, swak verteenwoordig en sensasie soekend het dit bewys om 'n groot verleentheid te wees. Twee dinge is deur die verslag blootgestel – eerstens die wysheid van die regering en media wat die toepaslikheid van die verslag bevraagteken het en tweedens die tydige inisiatief van Fruit South Africa in die bekendstelling van ons etiese handel-inisiatief onder die wyse leiding van Colleen Chennells. Colleen het die media-vrystelling namens FSA bygewoon en haar dekking van die FSA program was 'n uitstekende pragmatiese, praktiese stuiting van die swak nagevorste HRW verslag. Slegs die een feit dui op die gehalte van die HRW verslag – hul navorsing is gebaseer op 260 onderhoude - daar is 121 000 plaaswerkers!!!!

**Die Fruit SA etiese handel portfolio het byna die konsep Standaard (in ooreenstemming met die "Global Social Compliant Program reference tool") en die riglyne vir die etiese ouditeringsprogram voltooi. Die bedryf wil graag terugvoering oor die voorgestelde program van sy lede hê, alvorens die dokumente gefinaliseer word. Daarom gaan daar vier werkswinkels regoor die land aangebied word waarna lede uitgenooi word. Vrae wat gedek sal word sluit die volgende in: Sal een oudit alle klein handelaars tevrede stel? Hoe dikwels moet ek geoudit word? Wat gebeur as ek 'n klein besigheid het?**

**Jul insette sal baie waardeer word. Antwoord asseblief by die relevante kontakpersoon in die onderstaande lys as jy dit kan bywoon. Inligting omtrent die plek waar die vergadering gehou gaan word, sal nader aan die tyd gesirkuleer word.**

**Datums en plek: Nelspruit: 20 September; 9.30 – 12 middag; Kontak Chrisna@subtrop.co.za**
**Tzaneen: 21 September; 9.30 – 12 middag; Kontak Chrisna@subtrop.co.za**
**Stellenbosch (W Kaap): 22 September; 9.30 – 12 midag; Kontak Elouise@hortgro.co.za**
**Kirkwood (O Kaap): 23 September; 9.30 – 12 middag: Kontak jbezuidenhout@srcc.co.za**

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

| Tot Week 33 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 13.6 m | 12.5 m | 15.8 m | 12.2 m | 15.8 m | 14.7m | 15.8 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 6.5 m | 7.2 m | 6.5 m | 6.3 m | 6.5 m | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 7.9 m | 9 m | 9.6 m | 7.6 m | 9 m | 9.8m | 9.6 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels * | 19 m | 22.7 m | 20 m | LE | MOENE | 19.4m | 20 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias* | 22 m | 27.5 m | 20.7 m | 41.3 m | 37.2 m | 42.9m | 40.6 m | 46.5m | 45.9m |
| | 69 m | 78.9 m | 72.6 m | 67.4 m | 68.1 m | 94.7m | 93.3 m | 99m | 97.2m |

**Produsente heffings word aangewend om aktiwiteite van die CGA, CRI en CITRUS ACADEMY te befonds. Dit verseker 'n globale kompeterende suider-Afrikaanse sitrusbedryf**